Buitelandse geld vloei in vir Waco

'n Beduidende bedrag aan buitelandse investering gaan die land instroom danksy die oorname van die ongenoteerde nywerheidsdienstegroep Waco International.

CCMP Capital Asia (voorheen JP Morgan Partners Asia) en 'n senior bestuurskonsortium van Waco onder leiding van mnr. Royden Vice, Waco se uitvoerende hoof, het die transaksie beklink.

Die waarde van die transaksie word op R5,4 miljard gestel, en Waco sê in 'n verklaring dat dit die grootste bestuursuitkooptransaksie van private aandelebelang tot dusver in Australië en Suid-Afrika is.

Waco is veral bedrywig in die konstruksiebedryf.

CCMP Capital Asia doen die belegging deur sy Asië-fonds terwyl JP Morgan Partners Global Fund, wat deur JP Morgan Partners bestuur word, ook in die transaksie gaan belê.

Waco, wat in steierwerk en modulêre geboue spesialiseer, is bedrywig in Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland, Brittanje, Chili en die VSA.

Die groep het verlede jaar 'n aggressiewe verkrygingstrategie gevolg en was op die punt om op die JSE genoteer te word. Vice sê egter in 'n verklaring hy moes dié planne heroorweeg ná CCMP Capital Asia se aanbod.

"Ons is tevrede met die waarde wat die transaksie vir aandeelhouers ontsluit . . . Daar sal 'n beduidende invloei van buitelandse kapitaal na Suid-Afrika wees danksy die transaksie. Die belegging weerspieël die vertroue in die Suid-Afrikaanse beleggingsklimaat," het hy gesê.

COLLEGE HILL
Press Clippings
Tel +27 11 447 3030
Email info@collegehill.com
www.collegehill.com